

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
3 Desember 1978

Onderwerp: Moses  
Doopdiens

Lees: Hebreërs 11 verse 23 tot 30

Teks: Hebreërs 11 verse 23 tot 26

Sing: Psalm 84 verse 1 en 3  
Gesang 318 vers 3  
Gesang 322 vers 3

“Deur die geloof is Moses ná sy geboorte deur sy ouers drie maande lank weggesteek, omdat hulle gesien het dat die seuntjie mooi was; en hulle het nie die gebod van die koning gevrees nie. Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liever sleg behandel te word saam met die volk van God as om ’n tyd lank die genot van die sonde te hê, en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning.’ (Hebr 11:23-26)

“Die volk van God in Egipte het ’n krisistyd deurgemaak. Al die seuntjies is om die lewe gebring en die mans het slawediens verrig. Maar een ding kon hierdie mense nie ontnem word nie. Dit was hulle geloof in God. In die donker ure van hulle beproewing het hulle geloof telkens weer opgevlam. En dit was nie maar net ’n vae geloof dat daar op een of ander manier uitkoms sou kom nie. Nee dit was ’n vaste geloof in die Messias, Jesus Christus, wat sou kom. In en deur Hom het hulle na die HERE geroep en God het gehoor.

“God se antwoord was die geboorte van ’n seuntjie, Moses, wat in die geloof in die HERE sou wandel en werk. En deur hom het die HERE ’n pragtige boodskap oor die geloof in die huisgesin aan ouers gegee.

“Die oorsprong van die geloof.

“Lank voor die geboorte van Moses het die HERE die gebede van sy verdrukke volk gehoor en besluit om tot hulle redding in te gryp. In sy vrymagtige welbehag het Hy Moses daar in die huis van Amram in die wieg gelê. Hy was mooi, maar oor hom het die dood gesweef. Maar God het hom wonderlik bewaar. Sy moeder,

Jogébed, het hom op die rivier, waarin hy verdrink moes word, in 'n mandjie neergelê. En die Farao, wat hom moes vermoor, se dogter het hom gevind en gered. En in sy voorsienigheid het God sy eie moeder as opvoedster na die paleis van Farao gestuur.

“Jogébed was 'n gelowige vrou wat die Messias verwag het. Sy het Moses na die HERE gelei en het hom só opgevoed dat die smaad van Christus vir hom 'n groot rykdom geword het. Hierdie opvoeding en geloof was deurslaggewend in sy lewe en vir sy volk. Hy het die skat van die geloof in Jesus Christus in sy hart ontvang. En hy het geleer om die genot van die sonde te weerstaan. Hy het die onderrig van sy gelowige moeder aanvaar en het dit nie later in Farao se paleis verag nie. Die HERE het 'n moeder gebruik om die geloof in hierdie seuntjie se hart te plant. En vandag weet ons dat God nog sy verbond hou en dat Hy in sy beloftes aan gelowige ouers getrou bly.

“Moses se lewe was 'n bevestiging van die Woord van God: ‘Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie.’” (Spr 22:6)

“Maar dit weet die vyande van die koninkryk van God reeds lankal. Die Kommunisme het in ons tyd 'n wet wat eis dat kinders tot hulle agtiende jaar geen onderrig hoegenaamd in die Christelike geloof mag ontvang nie. En só probeer hulle om kinders weg te hou van Jesus Christus af. Hoe jammer dat die vyande van die Kerk dit weet, terwyl baie lidmate dit nie besef nie. Dit is immers 'n tragedie in die kerk dat niks só verwaarloos word as die Christelike onderrig, waartoe ouers hulle met 'n heilige eed in die doopbelofte verbind het nie.

“Broers en Susters, dit moet regkom, want die geluk van die ouerhuis, die voortbestaan van 'n volk en die uitbreiding van die koninkryk van God is afhanklik van die verbondstrou van ouers.

“Die krag van geloof.

“Die geloof wat God deur middel van getroue verbondsouers in die lewe van 'n kind plant, is 'n onoorkoomlike mag. So 'n kind kan die wêreld ingaan en elke uitdaging aandurf en in Jesus Christus meer as 'n oorwinnaar wees. Dit is hoe Moses die genot van die sonde weerstaan het.

“Aan die hof van Farao was daar geen aanmoediging om die ware God te dien nie. Dit was mode om onder die onsedelike gewoontes van Egipte te leef. Die gebooie van God het daar nie gegeld nie.

“Daarenteen het Moses geleef volgens wat hy in sy ouerhuis geleer het. Die lewende God het hom deur die geloof soveel krag gegee, dat hy te midde van die heidense sondebedryf in die komende Jesus Christus getriomfeer het. Hy het homself nie besoedel nie en ’n pragtige voorbeeld gestel.

“Hy was só sterk in die geloof dat hy die volk van God in hulle verdrukking verkies het, bó die status, eer en posisie van ’n prins van Egipte. Dit was seker nie maklik nie. Ons weet hoe swaar en moeilik dit is om in ’n heidense omgewing getrou te bly aan Jesus Christus en vir Hom te werk. Dit is egter slegs moontlik deur die uiterste krag van die geloof. Maar dit kan!

“In 1 Kronieke 4 vers 17 lees mens dat Faraó se dogter, as Mered se vrou, Egipte saam met Israel verlaat het. Moses moes dus ook dáár getuig het en evangelisasiewerk gedoen het. Hy was vrugbaar in die HERE.

“Die krag van sy geloof kom veral daarin na vore dat hy die smaad van Jesus Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte. Die skatte van Egipte was tot sy beskikking. Die weelde van die paleis was syne. In die geloof het hy egter die geestelike dinge hoër as die stoflike gewaardeer. Hy het Jesus Christus nie verloën nie en Hom ook nie verwerp nie.

“Die beloning van die geloof.

“Die ryke God het sy geloof in Jesus Christus só bekroon dat Moses een van die grootste kinders in die koninkryk van God geword het. Hy het die ere naam ‘man van God’ gekry. (1 Kron 23:14) Hy het met God omgegaan soos niemand anders nie. Só intiem en heilig was sy omgang met die HERE, dat sy aangesig geblink het toe hy met die tafels van die getuie van die berg afgekom het. God het hom ook bevoorreg om sy volk uit die ballingskap en slawerny na vryheid te lei. Hy het met sy wysheid as staatman, militêre kennis, geloof en buitengewone dapperheid sy volk deur die woestyn na die land van belofte gelei. En God was met hom op die hele pad. Hy het onder die groot leiers van die wêreld die voorste plek ingeneem.

“Daarby het die Heilige Gees hom in die Woord van God gebruik as die uitstaande leier en voorbeeld van ’n Godsmán, wat oor die eeue gedien het en steeds dien as inspirasie vir baie. Sy geloof, oorgawe, voorbeeld en lewe het baie aangespoor om na Jesus Christus te kom en om die smaad van Jesus Christus te dra, omdat hulle uitgesien het na die beloning.

“Maar miskien was Moses se grootste oomblik toe die HERE hom en Elia gestuur het om met Jesus Christus op die berg van verheerliking te praat. Hy wat die smaad van Jesus Christus groter rykdom as die skatte van Egipte geag het, het die eer te beurt geval om voor die kruisiging met die Verlosser te praat. Hoe wonderlik is die HERE nie?

“Ouers, die HERE gun u die mooiste geleentheid van u lewe om soos Jogébed u kindjie na Jesus te lei. Kom u roeping na en voer die belofte van u verbond met God uit en in Christus Jesus sal u kindjie die pad van oorwinning loop.

“Amen.”

Kommentaar:

Hierdie was 'n doopdiens waar 'n baba of babas gedoop is. Maar hoekom word babas gedoop?

Om dit te verstaan, moet ons eers begryp wat die verbondsbelofte is wat God met elkeen van ons met ons doop gemaak het.

God se verbond met jou is, dat Hy jou sal red as jy Jesus Christus as jou Verlosser aanneem.

As jy gedoop is en Jesus Christus as jou Verlosser aanneem, is jy gered. Daarenteen, as jy gedoop is en jy verwerp Jesus Christus, geld die belofte nie vir jou nie en is jy verlore.

Maar hoekom word babas gedoop?

God het in die Ou Testament uitdruklik beveel dat sy verbond met babas gesluit moes word. Dit het geskied deur die besnydenis, waarvan die gepaardgaande vloei van bloed 'n simbool was van Jesus Christus se bloed wat op Golgota vir ons gevloei het:

“Dit is my verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word - julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal ’n teken wees van die verbond tussen My en julle. ’n Seuntjie van agt dae dan moet onder julle besny word, al wat manlik is in julle geslagte.” (Gén 17:10-12)

“En Abraham het sy seun Isak besny toe hy agt dae oud was, soos God hom beveel het.” (Gén 21:4)

In die Nuwe Testament is die besnydenis met die Doop vervang. Water het die stort van bloed tydens die besnydenis vervang as simbool van Jesus Christus se bloed wat vir ons aan die kruis gevloei het.

Nuwe Testamentiese Christene het hierna vir meer as eenduisend vyfhonderd jaar hul babas laat doop, in gehoorsaamheid aan God se opdrag dat sy verbond ook met babas gesluit moet word.

Toe het die Anabaptiste in die sestiende eeu op die toneel verskyn. Hulle het daarop aangedring dat die Doop slegs geldig sou wees vir diegene wat oud genoeg was om te verstaan dat hulle gelowig was en gedoop wou wees.

Dit kom daarop neer dat hulle gesê het: God U het U misgis om ’n verbond te sluit met kinders wat nog nie verstaan nie. Maar ons gaan dit regstel. Ons neem nou beheer oor. Van nou af sal óns besluit of iemand oud genoeg en gelowig genoeg is om hierdie verbond te sluit.

Hierdeur het hulle ’n verbond komende van God, waarin die mens ’n blote ontvanger is en geen inspraak het nie, buiten om dit te aanvaar of te verwerp, vervang met ’n aksie vanuit die mens, wat deur die mens beheer word.

Dit is ’n radikale humanistiese korrupsie van die ware Evangelie.

Daar is niks mee verkeerd om ’n volwassene wat tot bekering gekom het, te doop nie. Daar is vele voorbeelde in die Bybel.

Die Doop is ook nie nodig om gered te word nie. Die misdadiger wat langs Jesus Christus aan die kruis gehang het, is gered sonder dat hy die geleentheid gehad het om gedoop te word.

En dan is daar die kwessie van onderdompeling. Die water in die Doop, soos die wyn in die Nagmaal, is simbole van die bloed van Jesus Christus. Dit het self geen reddende eienskappe nie. Of jy minder of meer water gebruik, maak geen verskil nie. Dit is net soos die wyn in die Nagmaal. Dit is nie nodig om in 'n vat wyn ondergedompel te word nie.

Al wat nodig is om gered te word, is om Jesus Christus as jou Verlosser aan te neem. Dit is wat God jou belowe het. Dit is God se verbond met jou. Dank Hom daarvoor.

En as jy Jesus Christus nog nie as jou Verlosser aangeneem het nie, moenie versuim nie.

